


DEBAT OOR TALE

 Die onderwerp oor—oor hierdie praat in tale, dis 'n probleem, sien, by die Pinkstermense, en ek het nogal 'n—'n storie gehad. Ek—ek maak nie enige kwessies op die platvorm nie, want ek—ek word nou geborg deur verskillende groepe, en as 'n—as 'n Christenheer, sou ek beslis nie enigiemand wou seermaak nie. Ek . . . As hulle Christen genoeg is om my by hulle plek te hê, hulle mense wat daar sit, wil ek—ek wil genoeg van 'n broer wees om niks daarvan te sê nie, sien. En ek preek net die doop van die Heilige Gees, en—en dan wanneer hulle, wanneer . . . Laat hulle doen wat hulle wil daar oorkant.

² Nou, ek glo wel dat Geesvervulde mense, sien, partymaal so gevul word met die Heilige Gees dat hulle nie enige—enige beheer oor hulle eie taal het nie, ek—ek glo dat, dit *een of ander tyd* gebeur. O, dit het met my gebeur, en dit het met ander gebeur, en, maar, julle sien, die ding wat dit is, die Heilige Gees moet eers *daar* binne-in wees. Sien wat ek bedoel? Dit moet eers *daar* binne-in wees. Sien?

³ Dis net soos as . . . Praat in tale is 'n gawe *van* die Heilige Gees. Nou, as ek 'n—'n seun was, en ek was in—in my, onder die leiding van my vader en moeder, en jy wou my aanneem, en ek het vir jou my mes gegee, nou, jy het my gawe maar nie vir my nie. Sien? Nou, tale is 'n gawe *van* die Heilige Gees, daar is geen Skrif in die Bybel wat sê dit *is* die Heilige Gees nie, dis 'n gawe *van* die Heilige Gees.

⁴ Nou kyk, oor Handeling 2:38, “Bekeer julle, en laat elkeen van julle gedoop word in die Naam van Jesus Christus tot die vergewing van julle sondes, en julle sal die gawe *van* die Heilige Gees ontvang.” Omdat hulle verwonderd was, want “ons het elkeen hoor praat in sy eie taal waarin hy gebore is.” Sien? En hy het gesê as jy sou bekeer, sou jy daardie gawe *van* die Heilige Gees ontvang. Nou, die gawe *van* William Branham is nie William Branham nie. Sien?

Nou, as julle sal oplet, julle sê: “Wel, die gawe van God is die Heilige Gees.”

Die Heilige Gees *is* God, sien, so jy kon—kon dit nie daar gebruik nie.

⁵ Wel, met alles waarvan ek praat, dit moet ooreenstem met die Skrif, ek—ek sal dit nie ontvang nie. Nou, ek ontvang net, wanneer Hy vir my sê, dan bevestig Hy dit altyd met die Skrif. As Hy nie het nie, sou ek dit nie glo nie, al sou Hy my soveel langs die pad vertel het, steeds as Hy my ooit enigiets gesê het wat nie Skriftuurlik was nie, sou dit nie reg wees nie, want die Skrif is absoluut ons basis. Ons kan nie ons—ons verlossing baseer—

baseer op sensasies, of ondervindings van ander, of op ons eie ondervinding nie, dit moet die Woord van God wees, sien, want dis die—dis die ware merk.

⁶ Nou, en wanneer ek begin in hierdie debat wat Broer Leo angstig is om hier op bandopname te kry, veronderstel ek, ek sien dit flikker, ek reken hy het dit nou aan die gang, ek wil nie hê jy, Broer Leo, moet dit gebruik om seer te maak, of enigiets nie, maar net, ek weet jy sal nie, en ek sal nie vir julle sê nie, broers.

⁷ As 'n man in tale praat, goed, as hy nie in tale praat nie, is dit nog steeds geen teken dat hy Dit nie het nie. En as hy . . . Ek het mense in tale sien praat soos om ertjies op 'n droë beesvel uit te gooi, net so vinnig as wat hulle kon, en saam met 'n ander man se vrou lewe. Sien? Ek het hekse bloed sien drink uit 'n menslike skedel, en die duiwel aanroep, en in tale praat. Ek het hekse gesien, en Indiaanse towenaars, wanneer die buldans inkom, en hulle sou in hierdie groot sirkel sit, en hulle sou uitgaan en al hulle betowerings doen, en die duiweldokter het ingekom, en hulle gaan om en om, en doen al hierdie op-en-af springery, skreeu, en slaan op hierdie tom-toms, en—en dan sou die toordokter inkom en in tale praat en dit vir hulle uitlê. Sien? En ek was in heksekampe waar ek self ingeloop het, en dis so . . . jy . . . Dis . . .

⁸ Hierdie word nie aanbeveel vir jou om na een toe te gaan nie, maar as 'n prediker, moet ek weet waarvan ek praat, nie iemand anders se woord aanvaar nie, want dis . . . Ek—ek moet dit persoonlik ken, self. Sien? Want ek kan nie sê Broer Jones het *hierdie* gesê, of ek het *hierdie* in 'n boek gelees nie, Ek moet weet waarvan ek praat, want daar's te veel mense wat na my luister, en ek wil beslis nie afkom op daardie laaste dag met 'n klomp verlore mense nie. Ek moet weet, absoluut, voor ek enigiets sê dat dit die waarheid is.

⁹ En ek dink elke prediker skuld dit aan sy gemeente, die mense vir wie hy preek oor enige onderwerp, moet seker wees dat hy weet waarvan hy praat voor hy enigiets sê.

¹⁰ En so, ek was in kampe waar die spiritualiste, en waar daar 'n klavier gekom het, 'n halwe ton weeg, opgelig is van die vloer af, en 'n kitaar wat in die kamer gelê het wat deurgekom het wat self gespeel het, musiek en alles soos daardie, en 'n jas wat teen die muur hang, wat deurgekom en gaan sit het in 'n stoel langs jou, messe en vurke wat deurkom, en hulle sien, die towenaar 'n—'n stuk papier neersit—neersit, 'n potlood neem en dit bo-op sit, en hierdie gees sien kom en teen 'n stoofpyp oploop en weer afkom en *Skeer En 'n Haarsny, Vyf-en-twintig Sent* speel, en skryf in onbekende tale, en hierdie medium wat uitstrek, homself regtrek soos *daardie*, en hierdie uitlê, op-en-af soos *daardie*, en dit vertel, en—en daardie tale uitlê, en vertel wat gesê is. So jy kan nie sê

dat praat in tale, dat jy die Heilige Gees het nie, sien, want ek—ek weet beter as dit.

¹¹ Nou, as julle sal oplet, laat ons dit verstandig toepas, sien, sodat julle sal verstaan, en dis hoe ek dit wil doen, want ek besef ek praat met intelligente manne, so in die Skrif, Een Korinthiërs 12, het dit gesê daar was . . . daar is nege geestelike gawes. Wel dan, tale was een van daardie gawes *in* die Liggaam van Christus.

¹² Sê, kom ons wys net, vir 'n illustrasie, en maak dit eenvoudig, ek weet julle begryp dit, maar laat ons seker wees dat julle dit kry. Hierdie—hierdie kamer is die Liggaam van Christus, en deur een Gees word ons in hierdie kamer gedoop. En in hierdie kamer is 'n gawe van 'n stoel om te ontspan, daar is 'n gawe van lig, daar is 'n gawe van hittebeheer, daar is 'n gawe van 'n wiegstoel, daar is 'n gawe van 'n sitkamer, 'n gawe van 'n mat, daar is 'n gawe van 'n foto. Sien wat ek bedoel? Hulle is gawes, maar hoe kom jy in daardie Liggaam in? “Deur een Gees word ons almal gedoop in een Liggaam,” en dan onderworpe aan enige van hierdie gawes. Sien?

¹³ So as praat in tale, dan, 'n bewys is van die Heilige Gees, moet al hierdie ander dinge ook bewyse wees van die Heilige Gees, sou jy al hierdie ander dinge moes doen, hierdie ander: profeteer, uitleë, wysheid hê, kennis. Maar dan gaan Paulus voort om dit reg te stel, sien, gesê: “Praat almal in tale?” Nee. “Het almal die gawe van uitleë? Maar God het afsonderlik in die Kerk geplaas. . . .” Sien? Hy het dit net so opgestel.

¹⁴ Dan in die 12de hoofstuk . . . Nou, as julle sal oorgaan na waar ek my debat gevoer het, om my te neem . . . die aanvanklike bewys van die Heilige Gees, ek het dit aanvaar as liefde, en die ander manne het dit geneem om in tale te praat, sien, om tale te hê as die bewys.

¹⁵ Nou, Paulus het in Een Korinthiërs 13 gesê, die volgende: hy het gesê, nou, dat: “Al praat ek die tale van mense en engele,” dis albei soorte, “en het nie die liefde nie, is ek niks. Al het ek wysheid,” nou, hy praat van hierdie gawes hierbo in die Liggaam, sien, sien, hierdie gawes hê sonder die Gewer, sien, liefde, sien, “al sou ek wysheid hê, en alle kennis van God verstaan,” al die Skrifte, hulle kan bymekaar sit soos enige groot teoloog: “en het nie die liefde nie,” wat die Heilige Gees is: “is ek niks.”

¹⁶ Nou, ons weet dat die Heilige Gees God is, ons moet dit erken, sien, Dis God. Wel dan, God is liefde. Sien? So jy kan enige van die gawes van God hê, sonder om God te hê nie, God is liefde. En Satan kan enige van daardie gawes naboots. Sien? Sien, hy kan omtrent enigiets naboots, want hy verdraai; sonde is verdraaide geregtigheid.

¹⁷ So in die debat, die liewe broer, hy, hy wat die besoeker was, ek het gesê: “Nou, ek is gewillig om dit met jou te bespreek as jy streng by die Skrif sal bly, en nie die Skrif verlaat nie,” en ek het

gesê: “dan aan die einde van die bespreking dat jy my hand kan skud, en ons nog steeds broers van mekaar kan voel, want as jy nie dit doen nie, sal ek dit nie doen nie, sien, want,” ek het gesê: “want, miskien, wanneer dit verby is, gaan jy dieselfde voel soos jy voel, en ek sal, ook.

¹⁸ “Maar omdat ons moderators hier het wat gesweer het, sakemanne, julle weet, ensovoorts, dat hulle net—hulle regverdig is, hulle nie geïnteresseerd is in enige kant nie, hulle skryf net neer wat feite is. Maak nie saak wat hulle besluit is nie, dit is net vyf of ses manne, net op ’n sekere Skrif, wanneer hierdie Skrif gegee word, wie skryf dit neer? Wie het regtig die lig daarop gewerp? Dis die een wat sê, julle sien.”

¹⁹ So hy het begin soos gewoonlik Handeling 2:4, julle weet, dat “Hulle is almal vervul met die Heilige Gees, en begin praat in tale, soos die Gees aan hulle uiting gegee het.” Wel, ek . . . En toe het hy van daar af gegaan na—na—na Handeling 10:49, waar: “Terwyl Petrus nog hierdie woorde gespreek het, het die Heilige Gees geval op hulle wat die woorde gehoor het.” Wel toe, en toe het hy oorgegaan na Handeling 19:5: “En Paulus het sy hand op hulle gelê, en die Heilige Gees het op hulle gekom, hulle het in tale gepraat.”

²⁰ So dit het die meeste van sy tyd in beslag geneem, en toe was dit my tyd. Ons was van omtrent sewe-uur tot omtrent twee in die oggend, sien, so dit was lank. So toe, toe hy teruggekome het, het hy omtrent dertig of vyf-en-dertig minute daarmee gehad, toe het hulle die mense laat rus, my toe weer laat praat, my laat praat. So, ek het nooit sy Skrifte verlaat nie, ek het reg by sy Skrif gebly. Dis die enigste manier wat jy korrek kan, verstandig . . . Ek's net so oop om te weet wat die waarheid is as enigiemand anders.

²¹ Ek wil beslis nie verkeerd wees nie, en ek beter net *hier* wees, want dis te laat wanneer ek *Daar* kom, julle sien. Jy wil . . . Soos die ou gekleurde broer sê: “Ek wil geen probleme by die rivier hê nie.” So, dis reg. Ek—ek wil . . . Dit gaan ’n mistige oggend wees, en dan ’n vreeslike tyd, en ek wil beslis my kaartjie in my hand hê, dit wat korrek geteken is, want ek—ek wil nie hê . . . Dis dan te laat, julle sien.

²² So, en ek, deur enigiets te bespreek gaan ek soontoe om iets te leer, Ek wil weet. En as ek verkeerd is, wil ek beslis weet dat ek verkeerd is, sien, sodat ek reg kan wees. Ek wens dat ek kon saamstem oor daardie dinge, en dit ’n universele gevoel maak, maar ek—ek—ek is net, as dit verkeerd is, is dit net verkeerd. Jy . . . Daar’s geen swart-wit voël of dronk-nugter man nie, sien, dis—dis óf reg, óf dis verkeerd. Jy kan nie fout en waarheid saam hê nie, dis óf waarheid, óf dis fout. Sien? Julle glo dit, nie waar nie, broers? En, sekerlik.

²³ As—as die Skrif reg is, laat ons dan by die Skrif bly. En as die kerk reg is, dan, dis wat ek vir daardie priesters gesê het, ek het

gesê: “As die kerk reg is, bly by die kerk.”

Hy het gesê: “Wel, die kerk is reg.”

24 Ek het gesê: “Dan, het jy gesê dat die kerk . . . dat die—dat die Bybel, hier, die geskiedenis van die eerste kerk is. Wel, as dit dan die onfeilbare kerk is, waarom het julle soveel verander?” julle sien. Toe het dit sy argument daar uitgegooi, julle sien.

25 Ek het gesê: “Jy het gesê Christus het die Katolieke kerk georganiseer.” Sien? “As Hy die Katolieke kerk georganiseer het, en as apostel Petrus en almal van hulle die eerste Katolieke was, wel, dan is ek—ek ook Katoliek, dan, bly ek by presies wat hulle gesê het. Wel, julle is so ver hierbuite,” sien, ek het gesê: “julle het niks wat hulle gesê het nie.” Sien? “Wel, Petrus het gesê, die eerste pous, het gesê: ‘Daar’s geen middelaar tussen God en die mens, behalwe Christus Jesus nie,’ die enigste Middelaar, en nou het julle tienduisende van hulle.” Ek het gesê: “Nou, watter . . . ? Is die eerste pous reg, of *hierdie* pous? Watter een is reg?” Sien?

Hy het gesê: “Wel, jy sien, die Katolieke kerk het mag. Die Kat- . . .”

26 Ek het gesê: “Dan wanneer het die eerste Katoliek gesê, in— in die skryf daarvan, gesê: ‘As ’n Engel uit die Hemel kom en enige ander evangelie verkondig, laat hom ’n vervloeking wees,’ of hy ’n pous is, of ’n priester, of wat hy ook al mag wees, en: ‘wie ook al wegneem, of byvoeg by hierdie Boek, hy sal geneem word . . .’” Ek het gesê: “Jy’s heeltemal verward iewers, meneer. Of jou eerste kerk is reg, óf *hierdie* een is reg. En as jou eerste een reg was, is *hierdie* een verkeerd.” Sien? En ek het gesê: “Ek sal by die eerste Katolieke bly.” Sien? Op daardie manier was hulle Katoliek. So, julle sien, jy moet reg wees.

27 Ons net . . . Om ’n—’n—’n bespreking te hou moet jy terugkom na iets, basies, waarop jy jou hande kan lê, want jy het net soveel reg op jou geloof wat jy glo, en enigiemand anders. Maar ons moet terugkom, daar moet iewers wees om by te begin, iewers om te sê: “*Hierdie* is dit,” want jy kan nie debatteer, ander woorde nie. Sien?

28 As ons albei . . . Ek het gesê: “Wel, die Branham Tabernakel is reg,” en jy sou sê, hy sê: “Die—die—die—die,” jy sê: “die Anglikaanse Kerk is reg, in Engeland, en—en . . .”

29 Hoe sê? [’n Broer sê: “Wat van die Armeense?”—Red.] Ja, laat hom Armeens wees, ensovoorts, julle weet, en jy neem die Nederlandse Hervorming, wel nou, waarnatoe gaan ons? Nou, daar moet een of ander plek wees. Wel, jy kan teruggaan en jou kategismes en al die ander aanhaal, ensovoorts. Ons wil teruggaan na die kerk, na ons—ons stigters, waar ons gestig is, maar waar baseer ons dit? Sien, daar moet iewers wees wat reg is.

30 Net soos 'n beginsel waaroor jy praat in—in die Parlement, jy moet iets hê wat reg is. Jy moet—jy moet dit daar uitlê en die mense wys, en jy moet 'n plek hê om by te begin. Wel, dis hoe ons die Bybel moet doen.

31 So ek het teruggekom na die—die vraag van Handeling 2 met hom, ek het gesê: “Nou, jy—jy sê dat—dat Handeling 2 is waar jy gaan om—om dit op te baseer.” So, ek moes hom iets gee om hom van stryk—hom van stryk te bring, sodat hy kon wees. . . dat hy kon, ek met hom kon praat, julle weet, hom van stryk te bring.

32 Ek het gesê: “Nou, ons sal—ons sal, basie-. . . as jy. . .” (Dankie, broer.) “As jy net sal, sal bly by die Skrif, nou. . .” Ek het gesê: “Nou, broer, ek—ek bewonder jou standpunt.” Sien? En ek het gesê: “Jy’s. . . Jy het hier gesê dat hulle almal gevul is met die Heilige Gees, en begin praat in ander tale soos die Gees hulle uiting gegee het. Daar het in Jerusalem gewoon, Jode, toegewyde manne uit elke nasie onder die Hemel, dit was oral bekend gemaak. Hulle was almal vergader, en was verstom, omdat hulle elkeen hoor praat het in sy eie taal waarin hulle gebore is.”

33 Ek moes hom 'n bietjie weglei hier, ek het gesê: “Nou, broer, ek wil graag vir jou dit vra: Nou, onthou, die Bybel sê dat hierdie ongelowiges, Dit het nie nou gesê nie, dat hierdie mense, sien, hierbo, hulle het afgekom van die toring af, van bo in hierdie bo-vertrek in die gebou, Dit het gesê hulle is almal gevul met die Heilige Gees, en hierdie hierbuite, hulle het hulle gehoor in hulle eie taal waarin hulle gebore is, sien. Hulle het hulle gehoor, elke man. Sien? Die sondaars het hulle gehoor in hulle eie taal waarin hulle gebore is, die ongelowiges.” En ek het gesê: “Dan as jou Pinkster interpretasie reg is, sien, soos jy dit gekry het,” nou, ek het gesê: “dan is daar iets óf verkeerd met Handeling 2, óf verkeerd met jou interpretasie.”

34 Ek het gesê: “Nou, ek wil jou vra, broer, waar het jy die Heilige Gees ontvang?” Hy het my die minuut, uur, en tyd vertel, goeie man, sien. En hy, bietjie arrogant, julle weet, soort van bietjie opgewerk, want onder 'n sweet. Daar's geen rede daarvoor nie. Sien?

35 As ek 'n konyn gevang het in 'n veld, en nie 'n manier in die wêreld vir hom om uit te kom nie, sal ek by die hek staan, hy moet terugkom, want hy gaan nie uitkom nie. So jy hoef nie daarvoor te sweet nie, as jy presies kan weet, jy weet daar's nêrens 'n gat vir hom om by uit te kom nie. So jy kan reg bly in enige Skrif wat jy wil, hy moet terugkom daarnatoe. Sien? So, hy—hy gaan nêrens heen nie, jy hoef hom nie oral oor die veld te jaag nie, staan net daar en laat hom terugkom na jou toe.

36 So toe het ek gesê: “Meneer,” ek het gesê: “nou, hoe het jy opgetree toe jy die Heilige Gees ontvang het?”

Hy het gesê: “Prys God! Ek het in ander tale gepraat, soos die Gees hulle uiting gegee het.”

Ek het gesê: “Goed, wie was almal daar?”

Gesê: “Omtrent ’n honderd-en-vyftig mense.”

“Was jy in ’n kerk?”

“Ja, meneer.”

“En was hulle almal Engelssprekende mense?”

“Ja.”

Ek het gesê: “Hoe het jy dan gepraat?”

En hy het gesê: “Ek het in tale gepraat.”

Ek het gesê: “Toe jy gepraat het, het jy getuig van die Heilige Gees?”

“Ja, ja.”

“Dat jy die Heilige Gees ontvang het?”

“Ja.”

“Het die gemeente jou verstaan?” Sien?

Hy het gesê: “Wel, nee.”

³⁷ Ek het gesê: “Dan was dit nie volgens Handeling 2:4, dan nie, sien,” ek het gesê: “want elke mens het gehoor in sy eie taal waarin hy gebore is. Daar was glad geen onduidelike woorde nie, elkeen het gehoor in sy eie taal waarin hy gebore is.” Ek het gesê: “Dan het jy dit sekerlik nooit gekry volgens Handeling 2:4 nie.” Dit het daardie Skrif net daar van hom afgeslaan, moderators het vir my gegee, sien, net daar, julle weet.

³⁸ Ek het gesê: “Nou, op die Dag van Pinkster het hulle, elkeen, in sy eie taal gehoor, daar was glad geen onduidelikheid nie.”

³⁹ Hy het gesê: “O, ek sien waar jy deurmekaar is, Broer Branham.” Hy het gesê: “Jy sien, die—die Heilige Gees, toe Dit die eerste keer gekom het,” hy het gesê: “daar is. . . ons praat in die taal van Engele, jy sien,” hy het gesê: “daar’s—daar’s geen uitleg daarvan nie. Maar dan wanneer jy die uitleg kry,” het hy gesê: “dan is daar ’n tale wat in sommige van hulle uitgelê kan word, soos Paulus gesê het.”

⁴⁰ Ek het gesê: “Ja, meneer, ek verstaan dit.” Ek het gesê: “Dan wil jy my dan sê, meneer, dat—dat wanneer ons die Heilige Gees ontvang, dit die taal is wat geen mens verstaan nie,” sien: “wanneer ons in tale praat, oor die ontvangs van die Heilige Gees?”

Hy het gesê: “Dis reg.”

⁴¹ “En dan nadat ons gedoop is en in die Liggaam, dan ontvang ons ’n tale wat—wat hulle uitgelê kan word, sien. Is dit so?”

“Ja.”

⁴² Ek het gesê: “Dan het jy die kar voor die perd.” Sien? Ek het gesê: “Dan moet jy, hier,” sien, ek het gesê: “toe op die Dag van Pinkster, toe hulle die Heilige Gees ontvang het, het hulle dit anders as julle almal ontvang.” Ek het gesê: “Julle almal ontvang dit en niemand verstaan dit nie, toe hulle dit ontvang het, het almal dit verstaan,” Ek het gesê: “óf, hierdie kêrels het die gawe van uitleg daarbuite gehad.” Sien?

⁴³ En ek het gesê: “As jy hulle dan die gawe van uitleg gee, dan het hulle ook die Heilige Gees gehad, want hulle het uitleg gehad, net soos julle die gawe van praat het, en hulle het gespot, hulle bespot.” Sien? Sien, geen gronde daarvoor nie. En so, en ek het gesê: “Wat as ek vir jou gesê het dat God iets aan hierdie manne gedoen het dat hulle . . . hierdie . . . almal, nou, hulle in hulle eie taal gehoor het?”

Hy het gesê: “Maar hulle het in tale gepraat.”

⁴⁴ Ek het gesê: “Net ’n oomblik, broer, die ongelowige daarbuite het gesê: ‘Kyk, hierdie nie almal Galileërs wat praat nie, en hoe hoor ons hulle elkeen in ons eie taal waarin ons gebore is? Hierdie wat praat is Galileërs, wat Galileërs praat, maar ons hoor hulle in ons eie taal, waarin ons gebore is.’” Sien, hy kon toe nêrens staan nie, julle sien. Sien? Ek het gesê: “Nou . . .” Hy het gesê: . . . En ek het gesê: “Ek’s . . . Dit kon so gewees het,” het ek gesê: “ek het dit sien gebeur.”

⁴⁵ ’n Klein, Spaanse meisietjie eenkeer, ek het julle daarvan vertel, ek reken julle het dit op die band gehoor, julle weet. En so, het ek gesê: “Nou, ons . . . Ek het gepraat net soos nou, en sy het my gehoor, en net toe, en sy het vir die tolk gesê: ‘Ek het gedink hy kan nie Spaans praat nie. Wel, ons het die bandopname teruggespeel en dit was Engels, maar toe die inspirasie aan was, het sy dit in Spaans gehoor, en dan kon sy nie een hoor nie, of, het nie een woord in Engels verstaan nie.’” Sien?

⁴⁶ So, dit was vir haar, haar alles vertel van wat sy gehad het, ’n epilepsie, en sy het by ’n kaggel gesit en mielies eet, te veel geëet en vreeslik siek geword, bed toe gegaan, en dit het haar in ’n epileptiese aanval gegooi, sy het hulle van toe af gehad, sien, tot toe, sy is genees.

So hy het gesê: “Wel, nou net ’n oomblik.” Hy het gesê: “Hulle was . . . Ek sien waar jy . . .”

⁴⁷ En ek het gesê: “Ek wonder net, broer, waarom dit, toe jy hierdie vraag gegee is,” het ek gesê: “jy het gepraat van Handeling 2:4, en toe het jy na Handeling 10:49 toe gegaan,” het ek gesê: “hoe het jy Handeling 8 uitgelaat, toe die Samaritane die Heilige Gees ontvang het? Daar’s nie ’n Skrif wat sê dat hulle in tale gepraat het nie.” Sien?

⁴⁸ Wel, ek het gesê—ek het gesê: “As jy oplet by Jerusalem, was daar vergader, ek neem nou jou kant daarvan, sien,” ek het gesê: “daar het manne uit alle nasies vergader,” gaan voort

en vertel, Mede en Perse, en—en proseliete, en vreemdelinge, en Macedoniërs, o, jy weet, almal soos daardie, waar hulle was, Ek het gesê: “nou, hulle was almal—hulle was almal daar, en hulle het hulle gehoor, elke man in sy eie taal.

⁴⁹ En ek het gesê: “Nou, en by die huis van Cornelius,” nou, het ek gesê: “toe hulle daar in tale gepraat het, het hulle in hulle eie taal gehoor, dieselfde ding wat hulle destyds *hier* gedoen het,” ek het gesê: “omdat Petrus gesê het: ‘Kan ons water weier, siende dat hulle die Heilige Gees ontvang soos ons aan die begin het?’” Ek het gesê: “God sal nooit Sy program verander nie; as jy net hier sal staan op Handeling 2, net hier waar die Heilige Gees die eerste keer geval het, sal dit—sal dit ooreenstem met die res daarvan.”

⁵⁰ Ek het gesê: “Nou, as dit so noodsaaklik is, waarom het die Samaritane nie in tale gepraat toe hulle die Heilige Gees ontvang het nie?” Ek het gesê: “Omdat hulle almal Joods gepraat het. Sien? Sien, hulle het almal Joods gepraat. Dit was nie nodig vir hulle om ’n ander taal te hê nie, want hulle het net getuig dat die Heilige Gees gekom het, hulle het almal in hulle taal gepraat, en—en, almal,” en—en ek het gesê: “en daar was geen rede daarvoor nie.”

⁵¹ Ek het gesê: “Daar is die drie stamme, sien, die Jode, Samaritane, en Heidene.” En ek het gesê: “Nou, die Heidene, as jy onthou, Cornelius was ’n hoofman oor ’n honderd man, ’n groep Italianers. Daar was die besnydenis en die Romeine, en Italianers, en—en almal—almal saam daar, en hoe dit ook al was, hy het gepraat: ‘Want, net soos dit het aan die begin, nou, kan ons water weier, aangesien hulle die Heilige Gees ontvang het soos ons aan die begin het?’ So, jy sien, dit moes dieselfde wees as wat dit aan die begin was, en elke man moes in sy eie taal hoor.”

⁵² Ek het gesê: “Ek sal erken dat daar een keer was, dat, in die Bybel, dat almal in tale gepraat het.”

Natuurlik, hy was baie ontsteld, julle weet, en hy het gesê: “Halleluja! Nou, jy’s op die pad!”

⁵³ Ek het gesê: “Ja, meneer, dit was by Babilon, niemand het verstaan wat die ander een gesê het nie.” Ek het gesê—ek het gesê—ek het gesê: “Op Pinkster, het hulle almal verstaan wat elke mens gesê het,” ek het gesê: “dit was die uitgaan van die Heilige Gees, jy sien.” Ek het gesê: “By Babilon, het hulle almal in onbekende tale gepraat, soos Pinkster nou doen. Niemand weet wat die ander een sê nie, een wat *hierdie* babbel, een wat *daardie* babbel, en hulle het niks geweet nie, maar dit was Babilon, sien, maar,” ek het gesê: “by Pinkster het elkeen gehoor in sy eie taal, waarin hy gebore is.”

En hy het gesê: “Wel, ek—ek... Jy’s—jy’s... Ek glo nog steeds.” Gesê: “Glorie aan God, ek ontvang dit. Halleluja! Dit maak die Kerk sterker.”

54 Ek het gesê: “Nou wag, ons praat nie daarvan nie, ons praat van Bybel Doktrine, sien. Ons bly by die Skrif hier, sien.”

55 En—en so toe soos ons aangegaan het, het hy gesê: “Wel,” hy het gesê: “o, ek glo hulle was almal onder inspirasie, wat in tale gepraat het.” Hy het gesê: “Ek glo nie hulle het hulle gehoor deur uitleg nie, ek glo hulle was geïnspireerd, om in tale te praat.”

56 Ek het gesê: “Ek sal met jou saamstem daaroor, en ons sal ons debat daarop afsluit,” sien: “dat hulle almal geïnspireer was, om in tale te praat.” En ek het gesê: “Nou sien, dis net soos,” ek het gesê: “ons is almal hier in Jeffersonville vergader,” ons is almal hier in Yakima vergader: “die Pinksterfees is aan.” En ek het gesê: “Nou, ons gaan sê *jj's* Switsers, *jj's* Duits, en *jj's* Frans.” Sien? “En ons is almal hierbinne, en elkeen van julle is 'n groep mense.

57 “Nou, sê dit is ekself, en Broer Borders, en Broer Gene wat hier sit, en ons is almal Amerikaners. Sien? En *jj* het 'n groep, *jj* het 'n groep, *jj* het 'n groep, want dis hoe hulle was, hulle was Mede, en Perse, en wat nog, wat daar vergader het.”

58 En ek het gesê: “Nou, ons is—ons is almal hier, en meteens kom daar 'n geluid uit die Hemel soos 'n geweldige rukwind, dit vul die huis hierbinne, nie daarbuite by julle almal nie, en ek was *hier*. Ons is almal gevul met die Heilige Gees, en ons het na buite gekom, en eerste ding wat julle hier weet, is ek—ek Engels, en ek begin in Engels praat,” soos ek dit eers gehad het, sien: “en jy verstaan dit in Switsers.”

“O, nee. Nee, nee.” Hy het gesê: “Nee, jy het gepraat in—in—in,” verskoon my: “in Europa.”

59 Ek het gesê: “As dit dan was, wat sê ek dan vir hom? Van die opstanding van Jesus Christus, van die koms van die Heilige Gees.” Sien? Ek het gesê: “Ek—ek praat met *julle* Switsers, terwyl Gene met *julle* praat in Duits, en Roy met *julle* praat in Frans.” Sien? En hy het gesê. . . Ek het gesê: “Toe. . .”

Hy het gesê: “Nou—nou, is jy—is jy baie naby daaraan.”

60 Ek het gesê: “Baie naby daaraan?” Ek het gesê: “Dis wat die Skrif gesê het: ‘Ons hoor elke mens in ons eie taal, waarin ons gebore is.’” Sien?

61 Hy het gesê: “O.” En die moderators. . . Ek het dit klaar gesien, ek het elkeen sover op die bord opgeteken gehad, julle weet. So ek het gesê: “Ons sal dit klaarmaak.” En hy—hy het gesê. . . En—en ek het gesê: “Toe het hulle—het almal gepraat, mekaar verstaan.” Wat ek dit wel gehad het in die, in eerste plek ingeneem het. Hulle moes hulle taal verstaan, sien, Babilon was die enigste keer wat hulle nie verstaan het nie, Pinkster, het hulle verstaan, elke mens.

62 Dit, die Evangelie moet na die hele wêreld gaan, vanaf Jerusalem, en dit het die hele wêreld getref op daardie tyd, die

bekende wêreld, net daar. Sien? Dit moes so kom, want, sien, al die nasies onder die Hemel was daar vergader, die godsdienstige nasies, dit was Pinkster. Sien? En Hy het die hele wêreld getref: “Maar gaan in die hele wêreld in,” vanaf Jerusalem. Sien? So dit moes getuig word in die taal van die opstanding van Christus, sodat dit sou gaan na die hele wêreld net daar. Sien? En hierdie draers hier, hierdie mense hierbinne, aanbidders, sou teruggaan na hulle land.

⁶³ Soos ’n paar dae daarna het die Etiopiër afgegaan, julle weet, en Filippus was onder na Samaria, en die Ethiopiër was op sy pad terug na Afrika, die hofdienaar, en die Heilige Gees het Filippus uit daardie groot diens geroep, hom in die woestyn laat staan. Hy het Jesaja gelees. Hy het gesê: “Wat lees jy?”

⁶⁴ Hy het gesê: “Hoe kan ek weet as iemand my nie leer nie?” Hy het gelees, gesê: “Wie was die—van Wie het die profeet gepraat, homself of . . .?” Hy was daarbo by Pinkster om te aanbid. Sien?

⁶⁵ So hy het hom net daar gedoop in die Naam van Jesus, en hy het aangegaan na Ethiopië en gejuig, die Boodskap na Ethiopië geneem. Dis waar dit veronderstel was om te wees, na toe te gaan. Nou, hier kom die . . . Hier—hier was dit. Sien?

⁶⁶ Ek het gesê: “Nou . . .” So, ek het gesê: “Jy sien, meneer, dat selfs die moderators alreeds daarbo opgeteken het, dat hulle—hulle gepraat het in tale wat almal verstaan het, daar was nie een onduidelike woord nie.” Sien? “So jou weergawe van Pinkster is alreeds veroordeel, sien, want, jy sal jou weergawe van Pinkster in Babilon moet plaas, want jy kan dit nie in Handeling 2:4 plaas nie.” Sien? “Omdat hulle elkeen gehoor het in sy eie taal waarin hy gebore is, en in Babilon het niemand niks verstaan nie. So, jy sien, jou Pinkster weergawe is alreeds weer terug in Génesis, in Babilon, sien, so jy is nie meer hierbo in Pinkster nie.”

⁶⁷ En ek het gesê: “Maar laat ons dit net ’n bietjie verder deurneem,” sien: “want dit het alreeds vir ons gegee, jy sien, daar. So oral waar jy gaan in die Bybel, dit moet terugkom soos dit het aan die begin, God is oneindig en kan nie verander nie.”

⁶⁸ Hy het gesê: “Wel, hulle . . .” Toe het hy begin met die res daarvan, hy het gesê: “Nou, jy sal egter erken, Broer Branham, dat hierdie manne wat *hier* uitgekome het, net nie soos Metodiste of Baptiste was nie.” Sien, daardie, dit gegooi op my Baptiste, sien. Gesê: “Hulle het nie . . . Hulle het ontvang en het onder inspirasie gepraat.”

⁶⁹ Ek het gesê: “Ja, meneer, ek sal daarmee saamstem.” So hulle het daardie een gemerk. “Ek sal saamstem dat hulle—hulle onder inspirasie gepraat het, wat hulle gesê het.” Ek het gesê: “Elke keer wat ek preek, preek ek op dieselfde manier, nie waar nie? In Engels, jy weet, met inspirasie.” Dis—dis al wat hulle is, julle weet . . .? . . . Ek het gesê: “Elke keer wat ek preek of profeteer, is dit nie in onbekende tale nie. Paulus het gesê as dit nie ’n uitléer

gehad het nie, dat dit niks was nie, soos 'n barbaar, Dit moet wees tot stigting, ensovoorts, sien." So dit het dit uitgeslaan vir hom. Sien?

⁷⁰ Ek het gesê: . . . Wel, hy het gesê: . . . En ek het gesê: "Wel, ek stem saam dat dit alles onder inspirasie was." Ek het gesê: "Nou—nou, soos hierdie," ek het gesê: "sommige van hulle nou," ek het gesê: "soos ons was . . ." Ek het gesê: "Dié wat toe in Galileens met die Galileër gepraat het, hulle was onder inspirasie, was hulle nie?" Sien? "Soos as ons almal Engels is . . ."

Hy het gesê: "Daar's nie een van daardie Gali- . . ."

⁷¹ Ek het gesê: "Dit was in Galiléa, en hulle was almal Galileërs wat gepraat het, daar was Galileërs wat hulle gehoor het, want hulle was in Galiléa, dit was in die nasionale taal." Ek het gesê: "Toe het *hierdie* man uitgekóm, en hy het met die Galileërs in hulle moedertaal gepraat, en hy was Galileens, net soos ek Engels is, wat met die Engelsman praat, in Engels." Sien? En hy het dit nie gehad nie, jy sien.

Wel, hy het gesê: "Dit mag op een geval het, en toe die ander, hulle het dit net verdeel. Miskien sal hierdie een *hier* 'n rukkie met hulle kom praat."

⁷² Ek het gesê: "Toe na die arme Galileërs, het toe niks gehoor nie." Ek het gesê: "Hy was toe nie geïnspireer toe hy met hulle gepraat het van die opstanding nie. Dieselfde ding." Sien, dis net geen ander plek om meer te staan nie.

⁷³ En ons het net so aangegaan totdat ons net die Skrifte net goed deursoek het, net verder soos daardie. Sien? Dit sal moet terugkom na daardie oorspronklike, die eerste. Sien?

⁷⁴ So julle sien, dit . . . Daar . . . Dit is nie praat in 'n onbekende taal nie, dis praat onder inspirasie. Sien? En soos, as ek die Heilige Gees hier ontvang vanmôre, in julle almal se midde, sou ek onder inspirasie wees julle vertel van die opstanding van die Heilige Gees wat na my toe gekom het, onder inspirasie. Nou, sien, tale is nie die Heilige Gees nie. Sien?

Toe het hy gesê: "Glo jy dan nie in praat in tale nie?"

⁷⁵ Ek het gesê: "Ek glo beslis. Ek glo in praat in tale." En ek het gesê: "Dis die geringste onder die gawes—gawes, volgens die manier wat dit opgeteken is in die Bybel, want dis die laaste gawe." Sien? Ek het gesê: "En 'n kêrel sou in tale praat, maar eers moet hy die Heilige Gees hê voor hy—hy in tale praat, as hy nie is nie, is hy 'n nabootser."

⁷⁶ Ek het gesê: "Dan kon hy praat met—met tale, soos jy gesê het, beide van mense en van Engele, en steeds nie die Heilige Gees hê nie," ek het gesê: "want Paulus het gesê: 'Al sou ek praat,'" al kan ek: "praat met tale van mense en van engele en nie die liefde hê nie, is ek niks. Al sou ek alle kennis kon verstaan, en die Skrifte presies reg kon uitleë, sonder hierdie doop, is ek niks.

En ek my goed gegee het om die armes te voed, en my liggaam om verbrand te word as 'n offer, en geloof om berge te versit, en ek is niks, ek het nog nie eens begin nie, sien, en ek het al hierdie geloof.”

⁷⁷ Ek het gesê: “Nou, dit antwoord soos Dr. Hegre daarbo daardie keer,” julle weet, daardie Lutherse dekaan, julle weet toe ek vir hom gesê het, onthou julle die debat wat ons gehad het, julle weet, daar oor die, aan, oor die, hy het my vertel van daardie hekse vrou, julle weet, wat vir die siekes gebid het, hulle genees is, gesê God kan nie genees nie. Julle het dit gehoor. Sien? Onthou julle dit? Sien?

⁷⁸ Ek het gesê: “Wel seker, ons het baie van hierdie manne wat opkom, sê: ‘Broer, ek het genesing in my hand. *Sjoe!* Voel dit?’ Hulle voel dit nie, maar die mense word net in elk geval genees, want dis op grond van geloof, en die kêrel dink hy nader God op daardie manier. En ek glo baie van hierdie mense kry die Heilige Gees,” sien: “wanneer hulle daar uitkom en in tale praat. Sekerlik, ek glo dis die Heilige Gees, maar dis geen bewys dat hulle dit het nie, hulle lewe sal vrugte hê. Party van hulle het daar uitgekome en—en. . .”

⁷⁹ Julle het my visioen gehoor, ek reken julle het op my bandopnames gehoor hoedat, toe ek na Mishawaka toe gegaan het die keer, daardie mense, wat daar uitgekome het, julle weet, toe die gekleurde kêrel gesê het: “Hier is hy! Hier is hy!” julle weet? Wel, julle onthou, hulle het een man daar gehad wat in tale praat en die ander wat uitlê. Ek het dit nog nooit vantevore in my lewe gehoor nie. Sien? En nou, as ek julle vertel het, stop my. Sien?

⁸⁰ So toe, maar hierdie kêrel het die debat verloor, julle weet. Natuurlik is daar baie meer, maar julle sien waarvan ek daar praat. Sien? Kom reguit terug na die begin, sien, reguit terug na die begin.

⁸¹ [’n Broer sê: “Daar’s baie van hierdie mense wat in tale praat, en voel hulle het die doop, maar hulle—hulle het eintlik nie.”—Red.] Het dit nie. [“Hulle het ’n belydenis gemaak,”—Red.] Ja. [“daarvan, maar hulle. . .”] Hulle het dit nie, sien. Wanneer die ware Heilige Gees inkom, is dit die Lewe van Christus, sien, wat in die sterfling lewe, die menslike wese. Sien? En hulle het nooit ’n woord gesê oor Jesus wat in tale gepraat het toe Hy die Heilige Gees ontvang het nie.

⁸² Nou, wat van Johannes die Doper? Hy het die Heilige Gees ontvang ses maande voor hy gebore is, in sy moeder se skoot. Hoe het hy in tale gepraat?

[’n Broer sê: “Wat van die dowes en die stommes?”—Red.]

⁸³ Ja. Hoe kon hulle in tale praat, as hulle nie eens kon praat of hoor nie? Sien?

⁸⁴ Wat van Elisabet en Maria toe hulle . . . “Elisabet, die moeder van Johannes, is vervul met die Heilige Gees, en het geprofeteer, gesê,” nie in tale gepraat nie. Sien?

⁸⁵ So hulle—hulle het geen bene . . . Ek het egter met sommige van hulle hoofleiers gepraat, en die hoofraad intelligente mense sal—sal dit erken, julle sien, maar hulle . . . Maar wat het hulle gesê? “Dis al, dis die doktrine van die Kerk,” julle sien. Dis wat . . . Wat gaan jy daaromtrent doen? Wel, daar het julle dit. Sien? Nou, wat . . . As hulle dit nou probeer verander het, sou hulle hulle uit die organisasie verdryf. Sien? Wel, dis presies . . .

⁸⁶ Ek kan vry bly, ek hoef nie enige organisasie te hê nie. Sien? Ek’s ’n vrygebore burger, en het ’n reg op spraak, en—en wat ek ook al wil sê, vryheid van spraak. En ek’s ’n geordende prediker, en so kan hulle my nie keer om troues te hou, te begrawe, of te doop, of die Evangelie te verkondig nie, julle sien. Solank ons demokrasie is, hoef nie aan enige organisasie te behoort nie, sien. En—en so nou, ons—ons—ons sê dit as ’n . . . in daardie—in daardie . . . Verstaan julle nou? Is julle heeltemal oortuig? Ja, dat dit ’n . . . Ek sou nie . . . Julle dink daar is dinge wat baie, baie goed mag—mag lyk . . . ? . . . daardie Skrif moet alles ooreenstem.



60-0807 Debat Oor Tale
Onbekend
Yakima, Washington V.S.A.

AFRIKAANS

©2024 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. Box 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op 'n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as 'n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op 'n webtuiste geplaas word, in 'n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS

P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.

www.branham.org